Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum VOO

# REKENINGKUNDE



# VOORBEREIDING VIR GRAAD 10

Liewe Rekeningkunde-leerder

Veels geluk met jou keuse om Rekeningkunde as een van jou Graad 10 vakke te neem.

Jou vakkeuse sal sonde twyfeld deure vir jou oopmaak. Hierdie vak sal jou toerus met waardevolle vaardighede wat die volgende insluit:

- geordenheid
- deeglikheid
- akkuraatheid
- noukeurigheid
- finansiële geletterdheid
- etiese gedrag
- goeie oordeel
- georganiseerdheid
- kritiese, logiese en analitiese vermoëns
- netheid

Jy sal vaardighede aanleer wat jou vir die lewe voorberei; vaardighede wat jy in enige beroep sal kan toepas en, baie belangrik, ook in jou eie lewe sal kan toepas.

Dit is ‘n opwindende, interessante en dinamiese vak. Besluit vandag, sommer nou om hierdie vak te geniet, en, nog beter, om daarvoor lief te word!

Jy sal gereeld, elke dag, aan hierdie vak moet werk en ek kan jou verseker dat, as jy gewillig is om pligsgetrou te werk, jy sukses sal behaal.

Geniet hierdie kursus wat spesiaal vir jou ontwerp is om jou vir graad 10 voor te berei. Geniet dit!

“PASSIE + VISIE + AKSIE is die formule vir sukses.” *volgens Marilyn King*, *VSA Olimpiese vyfkampatleet.*

Wees geesdriftig oor Rekeningkunde, kry ‘n visie van wat jy daarmee wil bereik en tree op in ooreenkoms met jou passie en visie deur hard te werk aan die vak, en jy sal suksesvol wees.

**Dr GR Schreuder**
**Senior Kurrikulumbeplanner: Rekeningkunde**



**MODULE 1: BEGRIPPE EN REKENINGKUNDIGE KRINGLOOP**


In Rekeningkunde sal jy te doen kry met terminologie wat betrekking het op ‘n besigheid. Dit is baie belangrik dat jy hierdie basiese begrippe verstaan.

In jou werkboek is daar twee aktiwiteite wat jou begrip van basiese rekeningkundige begrippe en terminologieë sal assesseer.



Voltooi Aktiwiteite 1.1 en 1.2 in jou werkboek.

## Die Rekeningkundige Kringloop



**MODULE 2:**

## DIR REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

### BATES = EIENAARSBELANG + LASTE

### KLASSIFISERING VAN REKENINGE

| BATES | | |
|---|---|---|
| **Vaste bates** | **Finansiële bates** | **Bedryfsbates** |
| ▪ Grond en geboue<br>▪ Toerusting<br>▪ Voertuie | ▪ Vaste depositos/Beleggings | ▪ Handelsvoorraad<br>▪ Debiteurekontrole<br>▪ Bank<br>▪ Wisselgeld<br>▪ Kleinkas<br>▪ Spaarrekening<br>▪ Opgelope inkomste (moet nog gedoen word)<br>▪ Vooruitbetaalde uitgawes (moet nog gedoen word)<br>▪ Verbruiksgoedere voorhande (moet nog gedoen word) |

| LASTE | |
|---|---|
| **Nie-bedryfslaste** | **Bedryfslaste** |
| ▪ Lenings (> 12 maande) | ▪ Krediteurekontrole<br>▪ Oortrokke Bank<br>▪ Lenings (< 12 maande)<br>▪ Opgelope uitgawes (moet nog gedoen word)<br>▪ Vooruitontvange inkomste (moet nog gedoen word) |

| EIENAARSBELANG | |
|---|---|
| ▪ Onttrekkings | ▪ Kapitaal |
| | |
| **Uitgawes** | **Inkomste** |
| ▪ Koste van verkope<br>▪ Huur uitgawe<br>▪ Salarisse en lone<br>▪ Skryfbehoeftes<br>▪ Eiendomsbelasting<br>▪ Versekering<br>▪ Water-en-elektrisiteit<br>▪ Advertensies<br>▪ Bankkoste<br>▪ Telefoon<br>▪ Herstelwerk<br>▪ Verpakkingsmateriaal<br>▪ Rente op oortrokke bankrekening<br>▪ Donasies<br>▪ Rente op lening | ▪ Verkope<br>▪ Lopende inkomste<br>▪ Huur inkomste<br>▪ Kommissie ontvang<br>▪ Rente op on lopende bankrekening<br>▪ Rente op spaarrekening<br>▪ Rente op vaste deposito |

# REKENINGKUNDE BEGINSELS

| Dt | **BATES** | Kt |
|---|---|---|
| Saldo a/b X | | |
| **+** | | **-** |

| Dt | **LASTE** | Kt |
|---|---|---|
| | | Saldo a/b X |
| **-** | | **+** |

| **Dt** | **EIENAARSBELANG** | **Kt** |
|---|---|---|
| | | Saldo a/b X |
| **-** | | **+** |
| **(Uitgawes verminder Eienaarsbelang)** | | **(Inkomste vermeerder Eienaarsbelang)** |

**Stappe om te volg wanneer transaksies ontleed word volgens die Rekeningkundige Vergelyking**

1. Identifiseer die rekeninge
2. Klassifiseer die rekeninge
3. Toon die effek op die rekeningkundige vergelyking deur die rekeningkunde beginsels toe te pas.

**Die uitgebreide rekeningkundige vergelyking**

Eienaarsbelang = Kapitaal – Onttrekkings + Inkomste – Uitgawes

Dus Bates = (Kapitaal – Onttrekkings + Inkomste – Uitgawes)+ Laste OF
Bates + Onttekkings + Uitgawes = Kapitaal + Inkomste + Laste

Hierdie uitgebreide vergelyking is baie belangrik vir jou studies in Rekeningkunde. Dit is belangrik dat jy hierdie formule verstaan.



**Aktiwiteit 2.1**

Teken die volgende transaksies vir Junie 2015 in die kolomme. Dui ‘n toename met ‘n ‘+’ en ‘n afname met ‘n ‘-‘ aan:  Tel die kolomme op.

**Transaksies vir Junie 2015**

| | |
|---|---|
| 2 | Koop toerusting van Tradeau Handelaars vir R10 000 en betaal per tjek. |
| 3 | Die eienaar het sy kapitaal vermeerder deur R15 000 in die bankrekening van die onderneming te deponeer. |
| 5 | Betaal vir verbruiksgoedere aangekoop van Wonderful Groothandelaars per tjek, R4 000. |
| 8 | Ontvang fooI-inkomste van R7 800 vir dienste gelewer. |
| 12 | Betaal R6 500 aan Winter Estates vir huur van die perseel. |
| 18 | Betaal lone, R6 800 |
| 20 | Skenk ‘n tjek ter waarde van R1 000 aan die plaaslike hoërskool. |
| 22 | Koop ‘n voertuig vir R105 000 en betaal per tjek. |
| 25 | Ontvang kontant van klante vir dienste gelewer, R12 400 |
| 30 | Die eienaar wissel ‘n tjek vir sy persoonlike gebruik, R5 000. |

**Aktiwiteit 2.2**

Lou Chang het 'n wassery op 1 Januarie 2015 begin. Die naam van die onderneming is Lang Wassery.

**GEVRA:**

Teken die transaksies vir September in die tabel wat in jou werkboek verskaf is.

Die totale aan die einde van Augustus 2015 is soos volg:

| | |
|---|---|
| Bates | ▪ Bank, R112 000<br>▪ Toerusting, R34 000 |
| Uitgawes | R132 000 |
| Onttrekkings | R96 000 |
| Laste | Krediteure, R4 000 |
| Kapitaal | R150 000 |
| Inkomste | R220 000 |

**Transaksies: September 2015**

| | |
|---|---|
| 5 | Reik 'n tjek uit aan Fast Motors vir 'n nuwe voertuig aangekoop, R90 000. |
| 7 | Wissel 'n tjek om lone te betaal, R1 600. |
| 9 | Reik kwitansies uit vir fooi-inkomste van klante ontvang, R6 000. |
| 11 | Lou Chang wissel 'n tjek vir persoonlike gebruik, R4 000. |
| 15 | Vereffen een van die krediteure, R2 000 |
| 17 | Herstelwerk aan toerusting op krediet gedoen, R3 400. |
| 17 | Reik kwitansies uit vir fooi- inkomste van klante ontvang, R10 800. |
| 20 | Wissel 'n tjek vir lone, R1 600. |
| 25 | Reik 'n tjek uit vir skryfbehoeftes aangekoop, R800. |
| 28 | Reik 'n kwitansie uit aan Lou Chang vir kapitaal bygedra, R50 000. |
| 29 | Reik 'n tjek uit aan Pelican Eiendomme om huur te betaal, R3 000. |

**Aktiwiteit 2.3**

**Voltooi die tabel in jou werkboek deur die ontbrekende syfers wat deur 'n * aangedui word, in te skryf**

## DUBBELE INSKRYWINGSBEGINSEL

| | |
|---|---|
| **Dubbele Inskrywingsbeginsel** | Vir elke debietinskrywing moet daar 'n gelyke en ooreenstemmende kredietinskrywing wees. |

## DIE ALGEMENE GROOTBOEK

**Bates + Onttrekkings + Uitgawes = Kapitaal + Inkomste + Laste:** Hierdie formule vorm die basis van die Algemene Grootboek.

Bates, Onttrekkings- en Uitgawe-rekeninge vermeerder aan die debietkant van die algemene grootboek terwyl Kapitaal-, Inkomste- en Laste-rekeninge aan die kredietkant vermeerder.

Die Algemene Grootboek bestaan uit drie afdelings, nl. Die Balansstaat-rekeninge Afdeling, die Nominale Rekeninge Afdeling en die Finale Rekeninge Afdeling.

| **Balansstaat-rekeninge Afdeling** | **Nominale Rekeninge Afdeling** | **Finale Rekeninge Afdeling**<br>**(einde van rekeningkundige tydperk)** |
|---|---|---|
| ▪ Kapitaal<br>▪ Onttrekkings<br>▪ Bates<br>▪ Laste | ▪ Inkomste<br>▪ Uitgawes | ▪ Handelsrekening<br>▪ Wins-en-verliesrekening |

| **Dt.** | | | **ALGEMENE GROOTBOEK VAN XXXXXX** | | | | **Kt.** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | **Naam van rekening** | | | **Fol.** | |
| **Datum** | **Besonderhede** | **Fol** | **Bedrag** | **Datum** | **Besonderhede** | **Fol** | **Bedrag** |
| | | | | | | | |

**Aktiwiteit 2.4**

Goofy Gardener het 'n tuin-dienste-onderneming, Goofy Gardening, op 1 Januarie 2015 begin.

**GEVRA:**

Open die rekeninge in die Algemene Grootboek met die saldo's/totale op 1 November 2015. Teken die transaksies van Goofy Gardening vir November 2015 in die Algemene Grootboek aan. Balanseer die balansstaat-rekeninge en tel die nominale rekeninge op 30 November 2015 op.

Die volgende saldo's /totale verskyn in die Algemene Grootboek on 1 November 2015.

| | | |
|---|---|---|
| **Bates** | Bank | R24 000 |
| | Spaarrekening | R80 000 |
| | Toerusting | R68 000 |
| | Voertuie | R140 000 |
| **Eienaarsbelang** | Kapitaal | R300 000 |
| | Onttrekkings | R52 000 |
| **Laste** | Krediteurekontrole | R8 000 |
| **Inkomste** | Rente inkomste | R20 000 |
| | Fooi-inkomste | R420 000 |
| **Uitgawes** | Lone | R133 640 |
| | Versekering | R12 800 |
| | Huur uitgawe | R36 000 |
| | Bankkoste | R1 960 |
| | Brandstof | R34 000 |
| | Voertuig-uitgawes | R45 600 |

Transaksies – November 2015

2 R60 000 is vanaf die spaarrekening na die lopende bankrekening oorgedra.

6 Reik 'n tjek uit ten gunste van Beste Motors vir 'n nuwe voertuig aangekoop, R175 000.

7 Wissel 'n tjek om lone te betaal, R3 200.

10 Reik kwitansies uit vir fooi-inkomste van klante ontvang, R12 000.

11 Reik 'n tjek uit vir die versekeringspremie, R2 400.

14 Goofy wissel 'n tjek vir sy persoonlike gebruik, R8 000.
Wissel 'n tjek om lone te betaal, R3 200.

16 Vereffen 'n krediteur se rekening per tjek, R2 800.

18 Toerusting op krediet aangekoop van 'Power Tools and Hardware', R138 000.

17 Reik kwitansies uit vir fooi inkomste van klante ontvang, R20 800.

19 Herstelwerk aan motorvoertuig op krediet deur Perfekte Motors gedoen, R4 800.

21 Wissel 'n tjek om lone te betaal, R3 200.

23 Reik 'n kwitansie uit aan Goofy vir ekstra kapitaal bygedra, R220 000.

25 Reik 'n tjek uit aan Penn Eiendomme vir die maandelikse huur, R6 000.

27 Reik 'n tjek uit aan Apex Garage vir brandstof, R1 400.

28 Wissel 'n tjek om lone te betaal, R3 600.

30 Die bankstaat toon bankkoste van R670 en rente op lopende bankrekening van R260.

**Aktiwiteit 2.5**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Yusuf se Selfoon Herstelwerk vir Mei 2015.

GEVRA:

Ontleed die volgende transaksies deur die tabel in jou werkboek te voltooi. Die eerste inskrywing is as ‘n voorbeeld vir jou gedoen.

1. Betaal lone met ‘n tjek, R1 500.
2. Koop papier vir die kantoor se rekenaar, R450 en betaal per tjek.
3. R10 000 is van Yusuf se persoonlike bankrekening na die bankrekening van die onderneming oorgeplaas.
4. Betaal vir versekering van die onderneming se toerusting, R2 300.
5. Ontvan R6 000 van klante vir dienste gelewer.
6. Betaal Home Eiendomme vir huur van perseel, R4 000.
7. Koop toerusting van Cell Warehouse en betaal per tjek, R6 000.
8. Koop verbruiksgoedere en betaal per tjek, R8 300.
9. Die eienaar betaal sy persoonlike telefoonrekening per tjek, R550.
10. Betaal die onderneming se telefoonrekening, R1 200.

## HANDELSONDERNEMING: KOSTE VAN VERKOPE BEREKENINGE

**Kosprys**: Die bedrag wat die onderneming vir die goedere betaal.
**Verkoopprys**: Die bedrag wat die onderneming vir die goedere vra wanneer hulle dit verkoop.
**Winsopslag** : Die persentasie wat die onderneming by die kosprys byvoeg.

$$\textbf{Koste van verkope} = \textbf{Verkope} \times \frac{100}{100 + \text{winsopslag\%}}$$

$$\textbf{Verkope} = \textbf{Koste van verkope} \times \frac{100 + \text{winsopslag\%}}{100}$$

**Aktiwiteit 2.6**

**GEVRA:**

Bereken die ontbrekende bedrae in the onderstaande tabel wat aangedui word deur 'n '?'.

| Nr. | Kosprys | Winsopslag (%) | Verkoopprys |
|---|---|---|---|
| 1 | R3 000 | **?** | R4 500 |
| 2 | R3 000 | 150 | **?** |
| 3 | **?** | 80 | R360 |
| 4 | **?** | 20 | R4 500 |
| 5 | R1 800 | 33⅓ | **?** |
| 6 | R2 500 | **?** | R7 500 |
| 7 | R16,80 | 16 | **?** |
| 8 | R1 400 | **?** | R1 680 |
| 9 | R1 960 | **?** | R2 450 |
| 10 | R900 | 66⅔ | **?** |



**Aktiwiteit 2.7**

Martin Meyer is die eienaar van MM Superette. Alle goedere word verkoop teen ‘n winsopslag van 60% op die kosprys.

Die volgende saldo’s /totale verskyn in die Algemene grootboek op 1 Julie 2015.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Kapitaal | R755 700 | Onttrekkings | R15 000 | Voertuie | R196 500 |
| Toerusting | R41 250 | Handelsvoorraad | R133 050 | Bank (Kt.) | R3 000 |
| Wisselgeld | R750 | Huuruitgawe | R120 000 | Verkope | R241 200 |
| Koste van verkope | R150 750 | Salarisse en lone | R315 000 | Skryfbehoeftes | R27 600 |

**GEVRA:**

Open die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek met die saldo’s /totale op 1 Julie 2015. Teken die transaksies van MM Superette vir Julie 2015 in die Algemene Grootboek aan. Balanseer die balansstaat-rekeninge en tel die nominale rekeninge op 31 Julie 2015 op.

3 Wissel ‘n tjek vir R500 om die wisselgeld te vermeerder.

4 Reik ‘n tjek uit aan Makro vir R7 800 vir ‘n rekenaar en ‘n drukker.

6 Koop goedere van Ray Groothandelaars en reik ‘n tjek uit vir R78 000 min 10% handelskorting.

Wissel ‘n tjek om lone te betaal, R8 000.

10 Kontantverkope, R36 000.

12 Betaal versekering aan Metropolitan soos volg:
- Op die eienaar se private bates, R1 650
- Op die onderneming se bates, R7 000

15 Die eienaar het sy kapitaal vermeerder deur R97 000 in die bankrekening van die onderneming te deponeer.

17 Koop skryfbehoeftes van PNA vir R630 en betaal per tjek.

20 Betaal die volgende koste:
- Water-en-elektrisiteit aan die Munisipaliteit, R3 350
- Telefoon aan Telkom, R2 150

24 Kontantverkope, R24 000.

26 Betaal die salaris van die bestuurder, R13 200.

30 Die eienaar wissel ‘n tjek vir sy persoonlike gebruik, R9 000.

**Aktiwiteit 2.8**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Thabo se Goudwinkel vir Junie 2015.

**GEVRA:**

Ontleed die volgende transaksies deur die tabel in jou werkboek te voltooi. Die eerste inskrywing is as ‘n voorbeeld vir jou gedoen.

1 Thabo het sy kapitaalbydrae vermeerder deur R100 000 in die bankrekening van die onderneming te deponeer.

3 Thabo koop ‘n voertuig en betaal per tjek, R180 000.

5 Koop goedere van Excellent Groothandelaars, R25 000.

8 Betaal R350 per tjek vir een advertensie in die plaaslike koerant.

10 Verkoop goedere vir966666 kontant, R15 000 (Kosprys, R7 500)

12 Thabo wissel ’n tjek vir sy persoonlike gebruik, R2 000.

14 Betaal lone per tjek, R12 600.

18 Koop brandstof van Diep Rivier Motors, R850.

21 Ontvang huur van ‘n huurder, R4 800.

24 Verkoop goedere vir kontant, R22 000 (Kosprys, R11 000)

28 Betaal Thabo se gimnasium-ledegeld, R600.



# MODULE 3: KONTANTTRANSAKSIES

**Joernale (ook genoem hulpboeke) is boeke van eerste inskrywing.**

Dit help om transaksies in verskillende tipes (kontantontvangstes en kontantbetalings) te organiseer en om inligting makliker en ordelik oor te dra na die volgende stap in die rekeningkundige siklus.

Die eerste paar stappe in die rekeningkundige siklus/kringloop is: transaksies, brondokumente, joernale, grootboek.

- ® **Kontantontvangstejoernaal**: om **alle kontantontvangste** op te teken
- ® **Kontantbetalingsjoernaal**: om **alle kontantbetalings** op te teken

**Dokumente** wat in kontanttransaksies deur besighede gebruik word:

- ® **Oorspronklike kwitansie**: uitgereik wanneer kontant vir goedere of dienste ontvang word.
- ® **Tjek**: uitgereik as ‘n 'kontant' betaling vir goedere en dienste gemaak word.
- ® **Kasregisterstrokie**: uitgereik deur 'n kassiere vir kontantverkope.
- ® **Depositostrokie**: om kontant te deponeer en depoisto's te verifieër

**Brondokumente** om kontanttransaksies in die boeke van die besigheid op te teken:

- ® **Duplikaat kwitansie**: om **kontantontvangstes** op te teken
- ® **Tjekteenblad**: om **kontantbetalings** op te teken
- ® **Kasregisterrol**: om **kontantverkope** op te teken
- ® **Bankstaat**: om **elektroniese fondsoordragte** (EFO) te verifieër.

VOORBEELDE VAN BRONDOKUMENTE:

***KWITANSIE***

001

……………….20….

**Ontvang van …………………………………………..**

**die bedrag van ……………………………………………………………………..** [ ]

**vir ……………………………………………………………………………..**

…………………………

vir Cornel Winkels

TJEKREKENING DEPOSITO

**STANDARD BANK**

Krediet: ______________________________

5 0059 (V.2) Adres: ______________________________

______________________________

/ /20

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Tellerdatum stempel en handtekening | Maak asseblief seker dat die rekeningnommer korrek ingeskryf is. Standard Bank Bpk kan nie aanspreeklik gehou word vir foute as gevolg van foutiewe inligting nie. Tjek ens. wat vir wisseling ingelewer is, sal slegs as kontant beskikbaar wees wanneer dit betaal is. Hoewel die Bank te goeder trou handel en redelike sorg uitoefen, kan Standard Bank Bpk. nie verantwoordelikheid daarvoor aanvaar om seker te maak dat deponeerders/rekeninghouers regstitel het op tjeks ens. wat gewissel word nie. | Note | | |
| | | Nikkel | | |
| | | Brons | | |
| | | Posorders | | |
| | | Totale Kontant | | |
| Trekker se naam | | Tak verrekeningsnommer | | |
| 1. | | | | |
| 2. | | | | |
| 4. | | | | |
| | Rekeningnommer | Vir Bank gebruik alleenlik only Effekte nie verreken | Totaal | |

---

| | |
|---|---|
| _______________20__<br><br>AAN<br>___________________<br><br>___________________<br><br>VIR<br>___________________<br><br>___________________<br><br>R<br><br>001 | 32-87-41-64<br>Standard Bank<br>Parow Tak<br>Datum<br>____________________20____<br><br>Betaal ________________________________________ of Trekker<br><br>R ________________________________________<br><br>________________________________________<br><br>THEMBI WINKELS<br><br>001 3456789012 |

KONTANT**ONTVANGSTE**JOERNAAL VAN ABEL HANDELAARS – MEI 2015 KOJ5

| Dok no | Dag | Besonderhede | Fol | Ontleding van ontvangste | | Bank | | Verkope | | Koste van verkope | | | | DIVERSE REKENINGE | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | | Bedrag | | Fol | Besonderhede |
| KRR | 15 | Verkope | | 350 | 00 | 350 | 00 | 350 | 00 | 200 | 00 | | | | | | |
| KRR | 25 | Verkope | | 840 | 00 | 840 | 00 | 840 | 00 | 480 | 00 | | | | | | |
| KRR | 30 | Verkope | | 315 | 00 | | | 315 | 00 | 180 | 00 | | | | | | |
| 01 | | Alma Smit | | 10 000 | 00 | 10 315 | 00 | | | | | | | 10 000 | 00 | B1 | Kapitaal |
| | | | | | | 11 505 | 00 | 1 505 | 00 | 860 | 00 | | | 10 000 | 00 | | |
| | | | | | | B3 | | N1 | | B2/N2 | | | | | | | |

WAT SE HIERDIE JOERNAAL VIR ONS?
Daar is kontant ontvang…. Die besigheid het geld gekry

WAT IS DIE HOOFKOLOM SE NAAM?
Bank

WAT GEBEUR MET HIERDIE REKENING?
Die geld in die bank raak meer

WATTER TIPE REKENING IS BANK?
Bate

WAT IS DIE REËL VAN 'N BATE?
Raak meer aan die debietkant en minder aan die kredietkant

RYMPIE: BANK WORD GEDEBITEER (met die woorde 'Totale ontvangste') EN DIE RES WORD GEKREDITEER (met die woord 'Bank'), **BEHALWE KOSTE VAN VERKOPE!!!!**

**KOSTE VAN VERKOPE HET SY EIE RYMPIE…**
KOSTE VAN VERKOPE EN HANDELSVOORRAAD GAAN ALTYD SAAM (BFF'S)!!
ONS REDENEER ALTYD UIT DIE OOGPUNT VAN WAT MET ONS HANDELSVOORRAAD GEBEUR.
WAT SE HIERDIE JOERNAAL VIR ONS?
Daar is kontant ontvang…. Die besigheid het geld gekry, want ons het HANDELSVOORRAAD verkoop.
WAT GEBEUR MET HIERDIE HANDELSVOORRAAD AS ONS HANDELSVOORRAAD VERKOOP HET?
Die handelsvoorraad raak minder.
WATTER TIPE REKENING IS HANDELSVOORRAAD?
'n Bate
WAT IS DIE REËL VAN 'N BATE?
Raak meer aan die debietkant en minder aan die krediet kant

| Dt(+) | HANDELSVOORRAAD | B.. Kt(-) |
|---|---|---|
| | | 860 |

| Dt(-) | KOSTE VAN VERKOPE | N.. Kt(+) |
|---|---|---|
| 860 | | |

RYMPIE: Handelsvoorraad word gekrediteer (raak minder) en Koste van verkope (sy maatjie/kontrarekening, word gedebiteer (in die kontrarekening word die teenoorgestelde gedoen).

KONTANT**BETALINGS**JOERNAAL VAN ABEL HANDELAARS – MEI 2015 KBJ5

| Dok no | Dag | Besonderhede | Fol | Bank | Skryfbe-hoeftes | Handels-voorraad | | | DIVERSE REKENINGE Bedrag | Fol | Besonderhede |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 12 | 10 | B&B Boeke | | 350 00 | 350 00 | | | | | | |
| 13 | 14 | XYZ Winkels | | 1 500 00 | | 1 500 00 | | | | | |
| 14 | 17 | Telkom | | 550 00 | | | | | 550 00 | N4 | Telefoon |
| 15 | 22 | Fine Foods | | 900 00 | | 900 00 | | | | | |
| | | | | 3 300 00 | 350 00 | 2 400 00 | | | 550 00 | | |
| | | | | B3 | N3 | B2 | | | | | |

WAT SE HIERDIE JOERNAAL VIR ONS?
Daar is kontant betaal…. Die besigheid het geld uitgegee.

WAT IS DIE HOOFKOLOM SE NAAM?
Bank

WAT GEBEUR MET HIERDIE REKENING?
Die geld in die bank raak minder

WATTER TIPE REKENING IS BANK?
‘n Bate

WAT IS DIE REËL VAN ‘N BATE?
Raak meer aan die debietkant en minder aan die kredietkant

**RYMPIE: BANK WORD GEKREDITEER (met die woorde: Totale betalings) EN DIE RES WORD GEDEBITEER (met die woord Bank).**

## Aktiwiteit 3.1

Jy word voorsien van inligting van Purdon Motorbande Winkel vir September 2015.

Ontleed die volgende transaksies in jou werkboek. Die eerste transaksie is vir jou as ‘n voorbeeld gedoen.

01 Betaal die lone per tjek, R3 250.

03 Die eienaar verhoog sy kapitaalbydrae van R130 000 tot R175 000 en ontvang ‘n kwitansie van die boekhouer.

04 Verkoop goedere volgens die kasregisterrol, R3 000. Winsopslag op kosprys is 50 %.

06 Betaal die kantoorhuur van R4 050.

11 Betaal die telefoonrekening aan Telkom, R4 500.

13 Plaas ‘n advertensie in Country Post en betaal R427 per tjek.

17 Koop goedere by Audrey Verskaffers, R3 700, asook toerusting ter waarde van R1 800.

19 Reik ‘n tjek uit aan Dean Herstellers vir herstelwerk aan toerusting, R2 500.

20 Trek ‘n tjek vir wisselgeld, R550.

21 Koop ‘n faktuurboek en ander benodighede van Paper & Books, R345 en betaal per tjek.

25 Betaal die water en elektrisiteitrekening aan die munisipaliteit, R3 283. R1 904 is vir die onderneming se water en elektrisiteit en die res is vir die eienaar se woning.

28 Reik ‘n kwitansie uit aan A van Vuuren vir ‘n kantoor in die gebou wat hy by die onderneming huur, R4 800.



## Aktiwiteit 3.2

Mary Mürtz is die eienaar van Mürtz Winkels. Gedurende April 2015 het die volgende transaksies plaasgevind:

**OPDRAG:**

Voltooi die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingjoernaal volgens **Aktiwiteit 3.2** in jou werkboek. Sluit die joernale af aan die einde van die maand.

**Transaksies**

**April 2015**

1 Kontantverkope van goedere, R8 000 (kosprys R6 000).

3 Mary Mürtz verhoog haar kapitaalbydrae deur R30 000 by die kassier in te betaal. Reik kwitansie 10 uit.

5 Reik tjek 37 aan Total Versekeraars vir R3 444 uit ter betaling van die jaarlikse versekeringspremie.

6 Betaal die weeklikse lone, R1 500.

15 Ontvang ‘n tjek van E Joubert ter betaling van huur van ‘n stel kantore in die gebou, R4 800.

18 Reik ‘n tjek uit aan Suzaan Handelaars vir die volgende: handelsware, R3 500; toerusting, R5 000 en skryfbehoeftes, R400.

27 Die eienaar neem R1 500 vir eie gebruik.

## Aktiwiteit 3.3

Talitha Winkels verkoop hul produkte teen ‘n winsopslag van 25% op die kosprys.

OPDRAG:

3.3.1 Teken die volgende transaksies in die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal aan.

3.3.2 Boek die kontantjoernale oor na die Algemene Grootboek.

**Transaksies – Maart 2015**

1 Ontvang R120 000 van die eienaar, Talitha Venter, as haar kapitaalbydrae. Reik kwitansie nr. 001 uit.

5 Koop ‘n rekenaar en ‘n liasseerkabinet van Anina Meubileerders en betaal per tjek nr. 001, R9 000.

6 Koop goedere van Lianie Verskaffers vir R7 000 minus 10% handelskorting en betaal per tjek.

8 Reik ‘n tjek vir R300 uit aan Mirrah Skryfbehoeftes vir skryfbehoeftes aangekoop.

12 Verkoop goedere vir kontant, R2 500.

19 Koop ‘n tweedehandse afleweringsvoertuig van Nettie Garage en betaal per tjek, R34 000.

Wissel ‘n tjek om lone te betaal, R750.

23 Koop verpakkingsmateriaal van Pacmar Bpk vir R200 en betaal per tjek.

25 Ontvang ‘n tjek van X Factor Reis Agentskap vir die maandelikse huur, R2 500.

Ontvang kontant vir goedere verkoop, R1 500.

28 Wissel ‘n tjek om lone te betaal, R750.

31 Reik ‘n tjek uit aan die Stadstesourier om te betaal vir water en elektrisiteit, R400 en eiendomsbelasting, R300.

Betaal die salaris van die bestuurder, G Schreuder, R5 500.

## Aktiwiteit 3.4

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Larah Handelaars. Die eienaar is Larah Fernandez.

**GEVRA:**

3.4.1 Gebruik die gegewe inligting om na die rekeninge in die Algemene Grootboek oor te boek.

3.4.2 Stel die Proefbalans op 31 Mei 2015 op.

**Saldo's / Totale op 1 Mei 2015**

| | |
|---|---|
| Kapitaal | R 75 000 |
| Onttrekkings | R 23 500 |
| Handelsvoorraad | R 15 800 |
| Bank | R 50 100 |
| Verkope | R 72 000 |
| Koste van verkope | R 57 600 |

**KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN LARAH HANDELAARS – MEI 2015** **KOJ 5**

| Dok No | Dag | Besonderhede | Fol | Ontleding van ontvangste | Bank | Verkope | Koste van verkope | Diverse Rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | Bedrag | Fol | Besonderhede |
| 121 | 1 | Larah Fernandez | | 140 000 | 140 000 | | | 140 000 | | Kapitaal |
| KRR 11 | 16 | Verkope / Kontant | | 9 600 | 9 600 | 9 600 | 7 680 | | | |
| KRR 12 | 27 | Verkope / Kontant | | 2 400 | | 2 400 | 1 920 | | | |
| 122 | | Capricorn Handelaars | | 5 000 | 7 400 | | | 5 000 | | Huurinkomste |
| | | | | | **157 000** | **12 000** | **9 600** | **145 000** | | |

**KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN LARAH HANDELAARS – MEI 201** **KBJ5**

| Dok No | Dag | Besonderhede | Fol | Bank | Handels-voorraad | Lone | Skryf-behoeftes | Diverse Rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | Bedrag | Fol | Besonderhede |
| 181 | 5 | Kontant | | 8 000 | | 8 000 | | | | |
| 182 | 12 | Leo Handelaars | | 8 000 | 8 000 | | | | | |
| 183 | | Virgo Vervoer | | 6 540 | 6 540 | | | | | |
| 184 | 24 | Eskom | | 2 120 | | | | 1 400 | | Water-en-elektrisiteit |
| | | | | | | | | 720 | | Onttrekkings |
| 185 | 29 | Pisces Motors | | 65 000 | | | | 65 000 | | Voertuie |
| 186 | 30 | M. Moon | | 7 600 | | | | 7 600 | | Salarisse |
| | | Mill Skryfbehoeftes | | 548 | | | 548 | | | |
| | | | | **97 808** | **14 540** | **8 000** | **548** | **74 720** | | |

## MODULE 4: KREDIETTRANSAKSIES

- **KredTiettransaksies:** die uitruil van goedere en dienste waar betaling uitgestel word tot 'n datum in die toekoms.

- **Debiteur:** Die klant/persoon **AAN wie** die onderneming goedere of dienste **op krediet verkoop.**

- **Krediteur:** Die persoon/besigheid/verskaffer **VAN wie** die onderneming **op krediet aankoop**.

**Brondokumente en Joernale wat gebruik word om kredniettransaksies aan te teken:**

| **Debiteure** | | |
|---|---|---|
| **Brondokumente** | **Joernale** | **Tipe transaksies** |
| Duplikaatfaktuur | Debiteurejoernaal | Kredietverkope |
| Duplikaatkwitansie | Kontantontvangstejoernaal | Betaling ontvang van debiteure |
| Duplikaat kredietnota | Debiteure-afslagjoernaal | Terugsendings ontvang en afslag toegestaan aan debiteure |
| **Krediteure** | | |
| **Brondokumente** | **Joernale** | **Tipe transaksies** |
| Oorspronklike faktuur | Krediteurejoernaal | Kredietaankope |
| Tjekteenblad | Kontantbetalingsjoernaal | Betalings gemaak aan krediteure |
| Duplikaat debietnota/ Oorspronklike kredietnota | Krediteure-afslagjoernaal | Terugsendings aan en afslag ontvang krediteure |

**Algemene Grootboek**

- Debiteurekontrolerekening: dui aan die totaal deur debiteure verskuldig.
- Krediteurekontrolerekening: dui aan die totaal verskuldig aan krediteure.

**Hulpgrootboeke**

- **Debiteure Grootboek**: die groepering van individuele debiteure se rekeninge.
  Die **som** van die finale saldo's van individuele debiteure moet gelyk wees aan die eindsaldo van die Debiteurekontrolerekening. Finale saldo's van elke debiteur word opgesom in die Debiteurelys.

- **Krediteure Grootboek**: die groepering van individuele krediteure se rekeninge.
  Die **som** van die finale saldo's van individuele krediteure moet gelyk wees aan die saldo van die Krediteurekontrolerekening. Finale saldo's van elke krediteur word opgesom in die Krediteurelys.

## Aktiwiteit 4.1: Ontleding van transaksies

Jy word voorsien van transaksies uit die boeke van Kenyon Wnkels vir Oktober 2015.
Ontleed hierdie transaksies volgens die kolomme voorsien:

*Voorbeeld: Koop skryfbehoeftes van PNA en betaal R500 per tjek.*

**TRANSAKSIES**:

1. Koop goedere op krediet van Sharks Handelaars vir R3 000.

2. Ontvang 'n tjek van B. Bull, 'n debiteur, vir R600 ter vereffening van sy rekening.

3. Goedere op krediet verkoop aan Y. Tale, R2 400. Die onderneming handhaaf 'n winsopslag van 33⅓ % op kosprys.

4. Y. Tale eis 'n afslag vir 'n oorvraging op die kredietaankope, R200.

5. Stuur goedere, wat nie volgens bestelling is nie, terug aan Sharks Handelaars, R900.

6. Reik 'n tjek uit aan Whale Winkels, 'n krediteur, vir 'n betaling op hul rekening, R5 800.

## Aktiwiteit 4.2: Joernale

Lucky Star is die eienaar van Lucky Handelaars, 'n onderneming wat huishoudelike toebehore koop en verkoop. Hulle verkoop voorraad vir kontant en op krediet en gebruik 'n winsopslag van 25% op kosprys.

**Debiteure- en Krediteurelys op 1 Maart 2015**

| **Debiteure** | | **Krediteure** | |
|---|---|---|---|
| S. Sardien | R3 450 | Bocom Groothandelaars | R8 250 |
| H. Harder | R2 890 | Prawn Handelaars | R4 500 |

**OPDRAG:**

4.2.1 Teken die transaksies hieronder aan in die DJ, DAJ, KOJ, KJ, KAJ, KBJ. Gebruik die joernale soos voorberei vir **Aktiwiteit 4.2** in die werkboek.

4.2.2 Sluit die joernale korrek af aan die einde van die maand.

**TRANSAKSIES vir Maart 2015**

3 Koop handelsvoorraad, R2 400, op krediet aan van Bocom Groothandelaars. Ontvang faktuur A533 (hernommber na 113) saam met die besending.

5 Voorraad, nie volgens bestelling, is aan Bocom Groothandelaars, teruggestuur tesame met 'n debietnota vir R300. Bocom Groothandelaars reik kredietnota no CN56 (hernommer na 42) uit.

6 Koop verbruiksgoedere, R320 en handelsware, R2 120 van Bocom Groothandelaars en betaal per tjek no. 345. Hierdie aankope is onderhewig aan 10% kontantkorting.

7 Verkoop goedere op krediet aan S. Sardien, R1 525. Reik faktuur 201 uit.

8 Ontvang faktuur 908 van Prawn Handelaars vir verbruiksgoedere, R470.

10 Wissel 'n tjek om lone te betaal, R8 200.

S. Sardien eis afslag vir beskadigde items, R125. Sardien het ingestem om die goedere te hou. Reik kredietnota nr. 54 aan hom uit.

13 Reik 'n faktuur uit aan H. Harder vir goedere aan haar verkoop, R840.

Verbruiksgoedere, R150 word aan Prawn Handelaars, tesame met 'n debietnota, teruggestuur. Prawn Handelaars bevestig hierdie terugsending deur kredietnota BN891 uit te reik.

14 Ontvang 'n tjek van H. Harder om haar rekening soos op 1 Maart te vereffen. Reik kwitansie nr. 37 aan haar uit.

16 Die eienaar verhoog sy kapitaalbydrae van R55 000 tot R80 000. Reik 'n kwitansie aan hom uit.

18 Betaal Bocom Groothandelaars R900 per tjek ter gedeeltelike betaling van ons rekening.

19 Reik 'n tjek uit aan Prawn Handelaars om die bedrag verskuldig tot op datum te vereffen

Verkoop goedere vir kontant aan H. Harder, R600. (KRR 9)

22 Koop 'n nuwe kasregister op krediet van Bocom Groothandelaars vir R6 500, onderhewig aan 'n handelskorting van 5%.

27 Koop die volgende op krediet van Prawn Handelaars:
voorraad, R1 200
verbruiksgoedere, R800.

28 S. Sardien betaal R1 200 op sy rekening af.

Ontvang 'n tjek van K. Powell vir kantoorspasie aan hom verhuur vir die maand. Jaarlikse huur beloop R36 000.

30 H. Harder koop goedere op krediet ter waarde van R1 800.

Betaal elektrisiteit per tjek aan die munisipaliteit, R650.

31 H. Harder stuur beskadigde items terug, R400. Reik 'n kredietnota aan haar uit.

## Aktiwiteit 4.3: Oorboeking na grootboeke; Proefbalans

Die inligting hieronder het betrekking op Sushi Handelaars, wat vir kontant en krediet koop en verkoop.

**OPDRAG:**

4.3.1 Gebruik die relevante inligting uit die joernale hieronder en boek oor na die rekeninge in die Algemene, Debiteure en Krediteure grootboeke. Balanseer of sluit al die rekeninge in die Algemene grootboek af.

4.3.2 Stel 'n Proefbalans op 30 April 2015 op.

**INLIGTING**

Die volgende joernale is geneem uit die boeke van Sushi Handelaars na hul eerste maand van handeldryf.

**Kontantontvangstejoernaal van Sushi Handelaars – April 2015 KOJ1**

| Dok no | D | Besonderhede | Fol | Ontleding van ontvangste | Bank | Debiteure kontrole | Verkope | Koste van verkope | Diverse rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | Bedrag | Fol | Besonderhede |
| 001 | 1 | Mnr Nigiri | | 200 000 | 200 000 | | | | 200 000 | | Kapitaal |
| KRR1 | 6 | Verkope | | 6 960 | | | 6 960 | 4 640 | | | |
| 002 | | S. Rose | | 750 | 7 710 | 750 | | | | | |
| 003 | 12 | Mnr Nigiri | | 70 000 | 70 000 | | | | 70 000 | | Kapitaal |
| KRR2 | 14 | Verkope | | 18 160 | 18 160 | | 18 160 | 12 107 | | | |
| KRR3 | 22 | Verkope | | 5 360 | 5 360 | | 5 360 | 3 573 | | | |
| 004 | 26 | H. Meyer | | 2 300 | | 2 300 | | | | | |
| 005 | | Rita Eiendomme | | 8 000 | 10 300 | | | | 8 000 | | Huur inkomste |
| | | | | | **311 530** | **3 050** | **30 480** | **20 320** | **278 000** | | |

**Debiteurejoernaal van Sushi Handelaars – April 2015 DJ1**

| Dok no | D | Besonderhede | Fol | Verkope | Koste van verkope |
|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 4 | S. Rose | | 1 470 | 980 |
| 02 | 16 | H. Meyer | | 1 565 | 1 043 |
| 03 | 25 | H. Meyer | | 1 452 | 968 |
| | | | | **4 487** | **2 991** |

**Debiteure-afslagjoernaal van Sushi Handelaars – April 2015 DAJ1**

| Dok no | D | Besonderhede | Fol | Debiteure-afslag | Koste van verkope |
|---|---|---|---|---|---|
| C1 | 10 | S. Rose | | 244 | 163 |
| C2 | 18 | H. Meyer | | 345 | 230 |
| | | | | **589** | **393** |

**Kotantbetalingsjoernaal van Sushi Handelaars – April 2015 KBJ1**

| Dok no | D | Naam van Nemer | Fol | Bank | Handels-voorraad | Lone | Krediteure kontrole | Diverse rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | Bedrag | Fol | Besonder-hede |
| 0001 | 1 | Gordon Handelaars | | 8 900 | | | | 8 900 | | Toerusting |
| 0002 | 2 | PD Groothandelaars | | 12 100 | 12 100 | | | | | |
| 0003 | 5 | Munisipaliteit | | 850 | | | | 850 | | Eiendoms-belasting |
| 0004 | 10 | Shaun Handelaars | | 2 400 | | | 2 400 | | | |
| 0005 | 16 | Safe Insurance | | 2 650 | | | | 1 450 | | Versekering |
| | | | | | | | | 1 200 | | Onttrekkings |
| 0006 | | Kontant | | 9 800 | | 9 800 | | | | |
| 0007 | 22 | Snowy Handelaars | | 600 | | | | 600 | | Skryfbe-hoeftes |
| 0008 | 24 | Kontant | | 9 800 | | 9 800 | | | | |
| 0009 | 26 | AB Winkels | | 5 152 | 5 152 | | | | | |
| 0010 | 28 | Waqa Winkels | | 1 932 | | | 1 932 | | | |
| 0011 | 30 | MJ Simba | | 12 600 | | | | 12 600 | | Salarisse |
| 0012 | | Munisipaliteit | | 3 890 | | | | 3 890 | | Elektrisiteit |
| 0013 | | Terry Handelaars | | 3 440 | 3 440 | | | | | |
| | | | | **74 114** | **20 692** | **19 600** | **4 332** | **29 490** | | |

**Krediteurejoernaal van Sushi Handelaars – April 2015 KJ1**

| Dok no | D | Besonderhede | Fol | Krediteure kontrole | Handels-voorraad | Skryfbe-hoeftes | Diverse rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Bedrag | Fol | Besonder-hede |
| N1 | 8 | Shaun Handelaars | | 4 070 | 4 070 | | | | |
| N2 | 13 | Waqa Winkels | | 2 176 | 2 176 | | | | |
| N3 | 21 | Gordon Handelaars | | 4 200 | | | 4 200 | | Toerusting |
| N4 | 24 | Waqa Winkels | | 300 | | 300 | | | |
| | | | | **10 746** | **6 246** | **300** | **4 200** | | |

**Krediteure-afslagjoernaal van Sushi Handelaars – April 2015 KAJ1**

| Dok no | D | Besonderhede | Fol | Krediteure kontrole | Handels-voorraad | Skryfbe-hoeftes | Diverse rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Bedrag | Fol | Besonder-hede |
| E1 | 11 | Shaun Handelaars | | 104 | 104 | | | | |
| E2 | 29 | Waqa Winkels | | 40 | | 40 | | | |
| | | | | **144** | **104** | **40** | | | |

## Aktiwiteit 4.4: Oorboeking na Grootboekrekeninge

**OPDRAG:**

Gebruik die inligting hieronder en boek oor na die volgende rekeninge in die Algemene grootboek van Eddy Handelaars.
Sluit die balansstaatrekeninge korrek af.

**Saldo's op 1 Mei 2015:**

| | | |
|---|---|---|
| Handelsvoorraad | B6 | 10 500 |
| Debiteurekontrole | B7 | 6 250 |
| Krediteurekontrole | B8 | 8 440 |
| Verkope | N1 | 13 230 |
| Koste van verkope | N2 | 8 820 |
| Debiteure-afslag | N3 | 2 300 |
| Skryfbehoeftes | N4 | 800 |

**Nota:** Goedere word verkoop teen kosprys plus 50%.

Die volgende totale het in die joernale op 31 Mei 2015 verskyn:

| **Kontantontvangstejoernaal van Eddy Handelaars – Mei 2015** | | | | **KOJ 10** |
|---|---|---|---|---|
| **Bank** | **Verkope** | **Koste van verkope** | **Debiteurekontrole** | **Diverse rekeninge** |
| R14 600 | R4 500 | ? | R2 190 | R7 910 |

| **Kontantbetalingsjoernaal van Eddy Handelaars – Mei 2015** | | | | **KBJ 10** |
|---|---|---|---|---|
| **Bank** | **Handelsvoorraad** | **Skryfbehoeftes** | **Krediteurekontrole** | **Lone** |
| R14 600 | ? | R240 | R7 500 | R2 400 |

| **Debiteurejoernaal van Eddy Handelaars – Mei 2015** | **DJ 10** |
|---|---|
| **Verkope** | **Koste van verkope** |
| ? | R2 100 |

| **Debiteure-afslagjoernaal van Eddy Handelaars – Mei 2015** | **DAJ 10** |
|---|---|
| **Debiteure-afslag** | **Koste van verkope** |
| R780 | ? |

| **Krediteurejoernaal van Eddy Handelaars – Mei 2015** | | | **KJ 10** |
|---|---|---|---|
| **Krediteurekontrole** | **Handelsvoorraad** | **Skryfbehoeftes** | **Diverse rekeninge** |
| ? | R5 000 | R350 | R2 450 |

| **Krediteure-afslagjoernaal van Eddy Handelaars – Mei 2015** | | | **KAJ 10** |
|---|---|---|---|
| **Krediteurekontrole** | **Handelsvoorraad** | **Skryfbehoeftes** | **Diverse rekeninge** |
| R1 415 | ? | 90 | R475 |

## Aktiwiteit 4.5: Finale assessering

Jy word van voorsien van inligting wat betrekking het op Easy Handelaars vir Julie 2015.

**OPDRAG:**

Ontleed die volgende transaksies in die tabel in **Aktiwiteit 4.5** van jou werkboek. Die eerste inskrywing is vir jou gedoen as voorbeeld.

1. Betaal die telefoonrekening aan Telkom, R2 800.
2. Koop voorraad op krediet van PT Handelaars, R24 000.
3. Kontantverkope beloop R18 000. (Koste van verkope, R9 000)
4. Onbevredigende goedere is aan PT Handelaars teruggestuur, R1 300.
5. D. Dean het goedere op skuld gekoop van Easy Handelaars vir R3 600. 'n Winsopslag van 20% op die kosprys word handhaaf.
6. Betaal R8 300 aan PT Handelaars vir gedeeltelike betaling op hul rekening.
7. D. Dean stuur goedere terug waarmee hy ontevrede is, R120. Sien transaksie nr. 5.
8. Betaal R240 000 aan Moby Motors vir 'n nuwe afleweringsvoertuig.
9. Ontvang ‘n tjek van D. Dean ter vereffening van sy rekening.